

Die twee bekere in die wêreldgeskiedenis

Die Skrif sien die woelinge onder die nasies in die lig van een van God se bekere: *die beker van die wyn van God se grimmigheid*. Volgens Jeremia se professie kom hierdie beker by die ry af. Soos die leiers van die nasies daar sit, sal elkeen op sy beurt uit daardie beker drink.

Dit is God se oordeelsbeker vir die magtige ryke en Empaaiers van alle eeue, maar dit is ook God se beker vir die verbondsvolk, wat deur die jare al versadig gepreek was, maar wat nooit God se Woord gehoor het nie. Trouens, hulle is eerste aan die beurt (vgl. 1 Pet 4:17).

Wat maak die beker wat die HERE se profeet na die nasies toe aangee, so anders as die konings se ander partytjiekere? Die HERE se oordeelsbeker gaan gepaard met die swaard (25:27). Onder dié wat die beker ontvang, daarheen word die swaard ook gestuur. Die wyn in God se oordeelsbeker maak sterk en oormoedig. Dit maak die konings en nasies begerig, dronk van magwellus om in te palm, om wraak en weerwraak op mekaar te laat volg. Die nagevolge van hierdie bitter beker is oorlog en dood. En so volg die een Empaaier die ander op ...

In Jeremia se tyd was Babilon God se oordeelsinstrument teenoor Jerusalem, maar omdat Babilon self in opstand is teen die HERE, sal sy ook uit die beker drink (vgl. Openb 18:6). Sy wat die moeder is van alle sonaanbidding, natuurverafgoding, *new age*-okkultisme.

Maar waar is die genade dan? Is daar geen manier om hieruit te kom nie? Kan u nog daardie nag in Getsémané onthou toe die Here Jesus in ons plek die beker van God se grimmigheid namens ons aanvaar het? Dit is sy bloed wat gevloei het ... vir ons. Hy het dieselfde nag ook vir ons 'n ander beker gegee om te deel: “die beker van danksegging” waaruit ons elke nagmaal drink.

Daar is net twee bekere in God se heilgeskiedenis, en die mensdom sal of uit die een of die ander drink, maar drink sal hulle drink ...

Sing: Psalm 68:1 (1936)

Ds G Opperman (Brits-Wes)